*Historia* 53,2, November 2008, pp 263-269

# Herinneringe aan Professor P.J. van der Merwe, 1912-1979

***Johan de Villiers****

Om ŉ perspektief te gee op die komplekse lewe van ŉ groot historikus soos professor Piet van der Merwe, is ŉ enorme uitdaging, maar ook ŉ voorreg. Hy was ŉ hardwerkende, kritiese, regverdige, konsekwente en streng persoon, wat altyd reguit was. Hy sou nooit iemand agteraf beskuldig nie, maar sou sy mening openlik teenoor sowel kollegas as studente stel. Hy kon vurig raak as dinge nie na sy sin verloop het, of hanteer is nie. So het ek by geleentheid gehoor hoe hy letterlik gal gebraak het teenoor senior lektor Piet Calitz oor ŉ saak wat hom nie aangestaan het nie. Studente het hom, soos ook sommige ander akademici van sy tyd, byvoorbeeld professor Willem Kempen van Afrikaans, met vrees en bewing genader as hulle werk onbevredigend of onvoltooid was. Miskien is dit die rede waarom Van der Merwe die onvleiende bynaam van "Piet Porcas" (ekwivalent "Piet Vark") by studente verwerf het. Dit moes hom diep seergemaak het, want onder sy bruuske uiterlike was daar tog ook ŉ sagte kant. Mense wat nouer met hom saamgewerk het, het meer goedig na hom as "Oubaas Piet" verwys. Sy bonkige figuur (ses voet drie duim in die ou taal), welluidende stem, skerp ogies agter dik brilglase en bokbaardjie het ŉ mens nogal aan afbeeldings van generaal Louis Botha herinner, maar hier eindig die ooreenkomste.

Ek herinner my hoe Sakkie de Klerk eens sy been in ŉ rugbywedstryd gebreek het, maar tog al hinkende op ŉ kruk die honneursklas kom bywoon het. Van der Merwe het hom na afloop van die klas met sy motor terug na die koshuis geneem. Nog ŉ voorbeeld van omgee, was sy besorgdheid oor studente wie se werk onvoltooid was. By geleentheid het hy my as dosent-assistent na die verblyfplek van ŉ student in Hertestraat gestuur om vas te stel waarom die betrokke student nie sy finale toets kom aflê het nie. Hy was bereid om hom ŉ tweede kans te gee om sy jaarpunt te voltooi.

---

* Professor Johan de Villiers is as navorsingsgenoot verbonde aan die Universiteit van Zululand. Hy betuig sy opregte dank aan mevrou Van der Merwe vir haar hulp met hierdie artikel.



**Figuur 1: P.J. van der Merwe (1912-1979).**

As een van slegs twee honneursstudente in 1962, wat albei uiteindelik hoogleraars in Geskiedenis geword het, was ek altyd aangenaam verras oor die billike punte wat Van der Merwe vir ons werkstukke toegeken het. Hy het krediet vir deeglike navorsing en noukeurige aanbieding gegee. Toe ons egter in die mondelinge eksamen nie kon verduidelik wie of wat Valentijn (die reisiger) was nie, het hy met ŉ vonkel in die oog vir ons gesê: "Ek sal vir julle bid die res van die eksamen!"

Die honneurstema vir selfstudie in 1962 was die verhouding tussen die Voortrekkers en die Barolong. Dit het ook die rol van Metodiste sendelinge, soos Broadbent by Makwassie, ingesluit. Van der Merwe het verwag dat sy studente ŉ omvangryke bronnestudie moes onderneem. In die biblioteek het hy groot waarde aan die Africana-versameling, wat veral onder die inisiatief van die destydse rektor, professor H.B. Thom, tot ŉ waardevolle sieraad opgebou is, geheg. As lid van die universiteit se biblioteekkomitee, het Van der Merwe ŉ besondere verbintenis met die hoofbibliotekarisse, Marais en Du Plessis, gehandhaaf. Hulle was hom altyd ter wille.

Sy belangstelling in die ontwikkeling van skrif en die boekdrukkuns, hou verband met sy navorsingsingesteldheid. Dit het hom goed te pas gekom in die aanbieding van praktiese opleiding in paleografie, wat verpligtend vir alle honneursstudente in Geskiedenis was. Dit het hulle toegerus om met groter gemak die Gotiese skrifvorme van die sewentiende-eeuse dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek te ontsyfer. Sowel Anna Böeseken as Con de Wet is juis aan die Universiteit van Stellenbosch gestimuleer om verdere navorsing oor die Kompanjiestydperk te onderneem. Van der Merwe het nooit getwyfel aan die waarde van paleografie nie, maar ongelukkig het min nagraadse studente verkies om verhandelings of proefskrifte oor temas van die Kompanjiestyd aan te durf.

Sy aandklasse in historiese metodologie en historiografie het honneursstudente met onder meer hermeneutiek, interne en eksterne bronnekritiek, asook filologie laat kennis maak. Vir Van der Merwe was die wetenskaplike skoling van historici van kardinale belang in die bevordering van geskiedenis op alle vlakke van die samelewing. Populariseerders van geskiedenis, soos Lawrence Green, T.V. Bulpin en Jose Burman, was vir hom ondergeskik aan bewese wetenskaplik-opgeleide historici wat nuwe navorsingsterreine kon open en gefundeerde perspektiewe op die verlede kon bied.

As dosent was Van der Merwe tipies van die "ou skool" akademici van Stellenbosch. Hy het duidelik en afgemete gedikteer, terwyl studente vinnig notas moes afneem.

Van der Merwe het in die derde studiejaar die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika behandel: van Britse kroonkolonie-bestuur tot soewereine onafhanklikheid. Hoewel dit destyds as oninteressante en ingewikkelde stof deur studente beskou is, besef 'n mens agterna dat dit waardevolle insigte bevorder het, byvoorbeeld veral in die lig van die republiekwording van Suid-Afrika en die dekolonisasie van verskeie Afrika-lande.

Derdejaarstudente was nie maklik afwesig van Van der Merwe se lesings nie. Hy het gou bemerk as iemand "sonder afdoende rede" sy klasse "gebank" het. Dan was daar geen tweede kans of genade wanneer jaarpunte gefinaliseer moes word nie. Slegs een keer het studente daarin geslaag om hom oor te haal om teen die einde van die jaar se werk 'n "koffieklas" in die bekende Uitspankafee te hou. Van der Merwe het dit slegs op een voorwaarde gedoen: almal moes dit bywoon. Dit was nogal 'n unieke geleentheid vir studente wat Van der Merwe meermale as moeilik toeganklik ervaar het.

Daar was by my nooit twyfel oor Van der Merwe se Afrikanerskap nie, maar hy was 'n individualis wat hom nie maklik op sleeptou laat neem het nie. In sy lesings het hy hom nooit uitgelaat oor die politiek van die dag nie. Op die vraag waarom ons nie as studente die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog meer volledig bestudeer het nie, was sy antwoord: "Dit is nog te kontensieus om behoorlik te kan beoordeel."

Van der Merwe was by uitnemendheid 'n kenner van die trekboere van die agttiende eeu en die Voortrekkers van die Groot Trek (1835-1838). Laasgenoemde was vir hom die mees epogmakende gebeurtenis in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu. Die seminaarklasse van die derdejaars was gerig op detailstudies oor aspekte van die Groot Trek. Menige student het dit berou wanneer hulle vaag in stelwyse was. So byvoorbeeld het 'n student beweer dat een van die Voortrekkers tydens 'n geveg deur 'n assegaai in die been gewond is. Daarop wou die kritiese professor weet: "Watter been? Sy linker- of regterbeen?" Van der Merwe het graag die gesegde "soos die kraai vlieg" gebruik en dikwels studente laat kopkrap oor die beraamde afstand uitgedruk in terme soos "skof" en "uur te perd".

Hy het ŉ hekel gehad aan onnoukeurige of onvolledige voetnoot-verwysings en bronerkenning. Wanneer ŉ student byvoorbeeld slegs na Deel 3 van Theal se *History* verwys het, het hy dadelik gevra: "Watter Deel 3?" Eers as dit blyk dat dit Deel 3 van die reeks (aangedui met asteriske) was, was hy tevrede. Hy het studente ernstig vermaan om altyd versigtig met bevindings van Theal en Preller om te gaan, en na sy mening was Potgieter en Theunissen se werk oor die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter totaal onbetroubaar.

Dit was tiperend van Van der Merwe om altyd te kug voordat hy begin praat het. Hy het studente en kollegas nooit op hulle voorname aangespreek nie, maar net op hulle vanne. So sou hy verwys na "Gilie-omie" in plaas van Giliomee, of "Viljee" in plaas van De Villiers. Van der Merwe het altyd die nasien van skrifte van studente, maar ook sy eie skryfwerk met ŉ HB-loodpunt potlood gedoen. As sy voorraad loodpunte en uitveërs gedaan was, het hy vir Niklaas, die bode, gestuur om nuwes in die dorp te gaan koop. Die rede vir sy prominente en forse regop potloodskrif, wat nogal moeilik leesbaar was, was om waar nodig, latere verbeterings of byvoegings te kon aanbring.

Nagraadse studente wat volgens afspraak sy kantoor besoek het, is altyd ŉ koppie geperkoleerde koffie aangebied, wat Niklaas na sy kantoor moes bring. Van der Merwe het relatief min nagraadse studente gehad, maar hulle het almal vanweë sy hoë eise, kwaliteit werk gelewer. Uitstekende proefskrifte wat onder sy promotorskap voltooi is, was dié van Bun Booyens en Ernst Stals (eersgenoemde het bekend geraak vir sy studies oor die verhouding kerk en staat in die Kaapkolonie, asook die vroeë loopbaan van doktor D.F. Malan, laasgenoemde het weer nuwe lig op aspekte van die vroeë geskiedenis van Namibië gewerp). ŉ Besondere kenmerk van Van der Merwe was die spoed waarmee hy terugvoering aan studente gegee het. Gewoonlik was ŉ week sy maksimum nasientyd.

Van der Merwe was as departementshoof nie beskikbaar vir buite-lesings nie. Net by een geleentheid het hy as besoekende dosent op versoek van Ernst Stals aan RAU (vandag bekend as die Universiteit van Johannesburg) vir ŉ aanbieding oor die Slag van Vegkop opgetree. Miskien was dit van sy kant ŉ gebaar van toegeneentheid teenoor sy voormalige studente van wie ŉ aantal as dosente aan RAU tereggekom het.

Die tiksters en/of tegniese assistente van die departement het swaar onder Van der Merwe se streng vereistes gekry. Hy kon baie ongeduldig raak as daar tikfoute was. Alles moes in triplikaat getik word, sodat hy

minstens een kopie elders kon bewaar. Van der Merwe het ŉ enorme kaartjiestelsel vir al sy bronne gehad, en het ook oor ŉ aparte kaart- en boekeversameling in die departement beskik. Hy het mikrofilms van argiefdokumente in die departement benut, dikwels deur gebruik te maak van nagraadse studente wat as deeltydse assistente aangestel is. Verder het hy jaarliks die honneursstudente na die Kaapse Argiefbewaarplek geneem om hulle aan die personeel en indrukwekkende massa argivale bronne bekend te stel.

Van der Merwe het as departementshoof selde of ooit ŉ vergadering met sy personeel gehad. Moontlik was dit deel van die tradisie van vorige departementshoofde om alle besluite outokraties te neem en riglyne vir optrede neer te lê. Hy het kollegas en studente individueel in sy kantoor ontvang om sake te bespreek. Hy het groot waardering gehad vir H.B. Thom – self ŉ historikus wat meegewerk het om die departement in die vroeë sestigerjare van die ou Victoria Hospitaalgebou (oorkant die Van der Sterrgebou), na die ruim en moderne geriewe op die boonste vloer van die nuwe gebou vir Lettere en Wysbegeerte in Van Ryneveldstraat te verskuif.

Teenoor Dirk Kotzé, die jeugdige en briljante professor in Algemene Geskiedenis, was hy altyd streng kollegiaal. Hulle het elkeen duidelik afgebakende arbeidsvelde gehad en nie met mekaar se werk ingemeng nie. Kotzé het veral vanweë sy vriendelike geaardheid en goeie menseverhoudinge die meeste nagraadse studente getrek. Van der Merwe het deurentyd beklemtoon dat daar verkieslik ewe veel magister- en doktorale studente onder elke professor moes werk, maar in die praktyk het dit nie plaasgevind nie.

Die lektore is beperk om slegs voorgraadse lesings en praktiese werk te behartig. Dit was die vernaamste rede waarom minstens doktor Marius Swart (senior lektor) en Elmo Pretorius (lektor) die departement vir beter weivelde verlaat het. Van der Merwe se poging om talent van buite as dosente te werf, het daarmee ook skipbreuk gely. Hy en die keurkomitee het gevolglik grotendeels studente uit eie universiteitsbodem as Geskiedenisdosente aangestel. Dit kon ŉ demper op vernuwing plaas, maar was nie noodwendig nadelig in die praktyk nie, aangesien dit groter kontinuïteit verseker het.

Wat sy persoonlike lewe betref, was Van der Merwe ŉ baie stiptelike en georganiseerde persoon. Hy het sy werk by die universiteit en sy private lewe van mekaar geskei. Hy het later gereeld, waarskynlik op doktersvoorskrif, elke Woensdagmiddag gholf vir ontspanning

gespeel. Hy het weeksoggende om 08:30 by sy kantoor opgedaag en gewoonlik weer om 16:00 vertrek. Die sekretaresse moes boodskappe en afsprake vir sy spreektye aanteken. Sy vrou, self ŉ opgeleide bibliotekaresse, het hom getrou bygestaan, veral in die jare toe hy baie kilometers per motor moes reis om veldwerk te doen en om navorsingsdata en bronne te orden. Sy gesin het verder uit ŉ dogter, Margaretha, bekend as Patrys, en die tweelingseuns, Gottlieb en Josua, bestaan. Dit is enigsins tragies dat kort nadat Van der Merwe by die universiteit met pensioen uit diens getree het, sy algemene gesondheid en veral sig so verswak het, dat hy nie meer sy langverwagte navorsing en skryfwerk kon voltooi nie. Twee jaar na aftrede, is hy na ŉ beroerte-aanval op 14 September 1979 oorlede.

Ten slotte moet ek meld dat Van der Merwe een van die belangrikste invloede op my vorming as historikus was. Sy belangrikste stempel was integriteit en wetenskaplikheid in navorsing, sowel as noukeurigheid en duidelikheid in vertolking. Daarmee verteenwoordig hy een van die tydlose en hoogste ideale van die historikus. Van der Merwe se bydrae tot die pioniersgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse trekboere was sy tyd ver vooruit en kan vandag vergelyk word met die beste sosiaal-ekonomiese werk wat byvoorbeeld in Amerika in verband met oorgrens-uitbreiding (*cross border* en *frontier settlement*) gelewer is. Sy belangrike invloed en bydrae tot Suid-Afrikaanse geskiedskrywing en -onderrig kan nie maklik oorskat word nie.